eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2015

# GEOGRAFIE V1
# BYLAAG

*GEOGA3*

Hierdie bylaag bestaan uit 10 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## FIGUUR 1.1: MIKROKLIMAAT




[Bron: *Exploring Geography*]

## FIGUUR 1.3: YSIGE TOESTANDE SOOS KWIK VAL

Daar word verwag dat 'n tweede kouefront die Wes-Kaap vanmiddag sal tref, en die res van die land kan koel tot koue weerstoestande verwag, is gister deur die Suid-Afrikaanse weerburo voorspel.

Die begin van winter is aangedui toe temperature hierdie week drasties getuimel het nadat 'n kouefront oor die naweek vanaf die Wes-Kaap regoor die land beweeg het.

In Gauteng is minimum temperature so laag soos -7 °C in seker dele teen Saterdag gevoel. Die kouefront sal buie en reënval in die suidwestelike dele van die land meebring.

Die Suid-Afrikaanse weerburo het 'n rypwaarskuwing vir die Vrystaat, Noordwes en Noord-Kaap aangekondig.

[Bron: Aangepas en vertaal uit *Sunday Independent*, 7/8/2014]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## FIGUUR 1.4: SINOPTIESE WEERKAART




[Bron: Suid-Afrikaanse weerdiens]

## FIGUUR 1.5: DREINERINGSBEKKENS




[Bron: Aangepas uit *Via Africa*]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**FIGUUR 1.6: KONSEP OOR STROOMROOF**




[Bron: *Via Afrika]*

**FIGUUR 2.3: TEN MINSTE 10 000 STERF TOE TIFOON DIE FILIPPYNE TREF**

In een van die mees kragtigste storms wat nog voorgekom het, is ten minste 10 000 mense in die sentrale Filippyne gedood, is gister deur 'n senior polisie-offisier vertel, met groot golwe wat kusdorpies heeltemal weggevee het en die streek se vernaamste stad verwoes het.

Hoofsuperintendent Elmer Soria vertel hoe supertifoon Haiyan ongeveer 70 tot 80 persent van die omgewing in sy pad verwoes het, soos dit die Leyte-provinsie Vrydag verskeur het. Terwyl reddingswerkers geworstel het om die geteisterde dorpies langs die kus te bereik, waar die dodetal nog onbekend was, het oorlewendes vir voedsel gesoek, soos voorrade drasties afgeneem het, of hulle het vir geliefdes gesoek.

Die meeste sterftes is waarskynlik veroorsaak deur verwoestende seewater wat met rommel gevul was. Talle mense het dit vergelyk met 'n tsunami, soos dit huise platgevee en honderde mense laat verdrink het in een van die ergste natuurlike rampe wat die suidoos Asiatiese nasie nog getref het.

Die nasionale regering en rampagentskap het nog nie die jongste geskatte dodetal bekend gemaak nie. Daar is 'n skerp toename in die aanvanklike skattings wat op Saterdag gemaak is, waar ten minste 1 000 gesterf het deur 'n storm met volgehoue winde van 313 km per uur en rukwinde van tot 378 km per uur.

[Bron: Vrye vertaling – Manuel Mogato – Reuters]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

FIGUUR 2.4: LUGBEWEGING IN 'N VALLEI




[Bron: Aangepas uit *Platinum*]

FIGUUR 2.5: FLUVIALE PROSESSE




[Bron: Aangepas uit *Geografie Graad 12 X-Kit*]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**FIGUUR 2.6: GEVALLESTUDIE – OLIFANTSRIVIER-DREINERINGSBEKKEN**

Die Olifantsrivier vloei deur drie provinsies naamlik Gauteng, Mpumalanga en Limpopo-provinsies. Die Olifantsrivierdreineringsbekken is een van mees onderdrukste bekkens in terme van die kwaliteit van die water in die riviere sowel as die aanvraag van water deur verbruikers in die grensbekkens.

Die aanvraag na water in die Olifantsrivierdreineringsbekken oorskry die beskikbaarheid as gevolg van verskeie aktiwiteite wat in die bekken plaasvind. Hierdie aktiwiteite sluit in landbou, bosbou, kragopwekking, mynbou en staalindustrieë.

[Bron: Aangepas en vry vertaal uit *TOP CLASS*]

**FIGUUR 3.3: LANDELIKE-STEDELIKE MIGRASIE**




[Bron: Aangepas en vryelik vertaal uit *Geografie Graad 12 X-Kit*]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## FIGUUR 3.4: VERSTEDELIKINGSVLAKKE

| Streek | 1995 | 2000 | 2005 | 2010 | 2015 | 2020 | 2025 | 2030 | 2035 | 2040 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Suid-Afrika** | 54,5 | 56,9 | 59,3 | 61,5 | 63,8 | 65,9 | 67,9 | 69,8 | 71,7 | 73,5 |
| **Afrika** | 33,9 | 35,6 | 37,3 | 39,2 | 41,1 | 43,2 | 45,3 | 47,7 | 50,1 | 52,6 |
| **Europa** | 70,3 | 70,8 | 71,6 | 72,7 | 73,8 | 74,9 | 74,9 | 77,4 | 78,6 | 79,9 |
| **Wêreld** | 44,8 | 46,7 | 49,1 | 51,6 | 53,9 | 56,0 | 56,0 | 59,9 | 61,7 | 63,5 |

[Bron: Aangepas deur Eksaminator]

## FIGUUR 3.5: GROEI VAN MINIBUSTAXI'S

Minibustaxi's is 'n bron van effektiewe vervoer in ontwikkelende lande, waar bus- en treindienste onvoldoende is. In Suid-Afrika is die koste om 'n motor te koop buite die bereik van die meeste burgers. Deur die fooie te deel word die koste van individuele vervoer verminder. 'n Minibus hou enige plek op aanvraag stil, en dit maak die diens meer effektiewer omdat dit die looptyd van die passasiers verminder.

Die de-regulering van die vervoerindustrie na 1994 in Suid-Afrika het 'n mark vir taxi-dienste wat goedkoop, gereeld, vinnig en langs die gewildste roetes beweeg, geopen. Hierdie geskied op 'n deel-koste basis. As gevolg van 'n tekort aan regeringsregulering is daar hoogs mededingende pogings om die mark langs die belangrike roetes, te beheer, wat skielike spanning en geweld veroorsaak en dit as die 'taxi oorloë' bekend geword.

[Bron: Aangepas en vryelik vertaal uit *Study Master*]

## FIGUUR 3.6: BELANGRIKE STATISTIEKE IN 'N PLATINUMMYNBOUBEDRYWIGHEID

| Bedrywigheid | VS $ dollars | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|
| | | 2,23 miljoen ton | 1,95 miljoen ton | 1,82 miljoen ton |
| Koste per PGM (oz) | $/oz | 0,94c | 1,19c | 1,32c |
| Prys per PGM (oz) | $/oz | 1,23c | 1,45c | 1,34c |
| Werkers | | 1 904 | 1 528 | 1 309 |
| Gross wins/(verlies) | $/m | 4 | (7) | (25) |

[Bron: Aangepas deur Eksaminator]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**FIGUUR 4.1: LANDELIKE NEDERSETTINGSPATRONE EN -VORMS**




[Bron: Aangepas deur Eksaminator]

**FIGUUR 4.3: GEVALLESTUDIE – GRONDHERVORMING**

Patrick Mojapelo wag al meer as vyf jaar vir die Suid-Afrikaanse regering om 30 plase wat in die 1930's van sy gemeenskap "gesteel" was, terug te besorg. "Ons eis sedert 1995 ons grond deur die regering se grondrestitusie-program, maar sover het ons nog nie een plaas teruggekry nie. Ons vergader gereeld met die amptenare van die Departement van Grondsake, maar hulle maak net leë beloftes. Ons het nog steeds geen enkele plaas ontvang nie", het Mojapelo vertel. Mojapelo het by die protesteerders voor die Uniegebou in Tswane aangesluit, om die president bewus te maak van hierdie probleem. "Die onteiening van swart mense vanaf hulle grond, was 'n sentrale deel van die apartheidsregime se sistematiese onderdrukking van die swart meerderheid, polities, ekonomies, kultureel en sosiaal. In die afwesigheid van enige betekenisvolle grondhervorming hou die effek van hierdie historiese onteiening mense nog steeds tot vandag in armoede. Ten spyte hiervan het daar geen fundamentele verandering in toegang tot grond en eienaarskap in Suid-Afrika sedert 1994 plaasgevind nie," het Mojapelo gesê, terwyl hy uit 'n memorandum wat deur protesteerders opgestel is, aan die president lees.

[Bron: Vryelik vertaal uit *Focus*]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**FIGUUR 4.4: MODEL VAN 'N ONTWIKKELENDE LAND**




[Bron: Aangepas en vry vertaal uit University of Cambridge 0460/12]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**FIGUUR 4.5: KERN-INDUSTRIËLE STREKE**




[Bron: Aaangepas uit *Study Master*]

**FIGURE 4.6: TYDLYN VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIEË**




[Bron: Aangepas deur Eksaminator]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com